**Sondag 21 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 110:1-7 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 110:1**

## Moses, Elia en Dawid verkondig Christus

In die woorde van die Psalms in die Ou Testament hoor ons die toekomsmusiek van die lied van die Lam. Christus leer Self dat dit wat in die Wet en die Profete en die Psalms oor Hom geskryf is, vervul moet word (Luk. 24:44). Dit is ’n aanduiding van die hoofdele van die Ou Testament wat die Jode in Christus se tyd as gesagvol aanvaar het. Moses, Elia en Dawid, hulle voorvaders, het dit geskryf.

Psalm 110 word 14 keer in die Nuwe Testament aangehaal om Christus bekend te stel. Christus Self sê in drie van die vier Evangelies dat Psalm 110:1 Hom as Here aanwys. Petrus sê in Handelinge 2:36 dat almal vir seker moet weet dat God Hom, Jesus, Here en Christus gemaak het.

Christus is God. Hy is ons Priesterkoning. Hy is ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offer van sy liggaam van ons sondes verlos het, en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree. Hy is ook ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons as verlostes beskerm en bewaar (HK vr. 31). Hy het ’n magtige septer wat die simbool van sy mag is en waarmee Hy oor die aarde regeer.

Paulus verwys in 1 Korintiërs 15:25 ook na Psalm 110:1 as hy sê: “Want Christus moet as Koning regeer totdat ‘Hy al die vyande onder sy voete gestel het’” (2014 Direkte Vertaling).

Die troos vir ons is dat Christus ons met sy bloed losgekoop het en ons Koning is. Hy regeer oor almal en alles en Hy het alle mag in die hemel en op die aarde. Hy is in beheer. Ja, niks kan ons van God se liefde in Christus skei nie. Ons hemelse erfenis wag op ons.

*Sing: Psalm 48:1*

*Ds. W (Willem) Vogel (Cachet)*